UNION OF SOUTH AFRICA
UNIE VAN SUID-AFRIKA

EXTRAORDINARY BUITENGEWONE

Government Gazette
Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. CLXXIV.] PRICE 6d. PRETORIA, 16 OCTOBER 16 OKTOBER 1953. PRYS 6d. No. 5165.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

DEPARTMENT OF AGRICULTURE.

✱ No. 2269.] [16 October 1953.

SOUTH AFRICAN CITRUS SCHEME.

WITHDRAWAL OF LEVY AND SPECIAL LEVY ON LEMONS OTHER THAN LEMONS EXPORTED IN CASES.

In terms of section *twenty-nine* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, I, STEPHANUS PETRUS LE ROUX, Minister of Agriculture, hereby make known that the Citrus Board, referred to in section 2 of the South African Citrus Scheme, published by Proclamation No. 44 of 1947, has, with my approval, withdrawn the provisions, in so far as such provisions relate to lemons, other than lemons exported in cases from the Union, of the following impositions:—

(1) The levy imposed in terms of section 16 of the said scheme, which imposition was published in Government Notice No. 1304 of the 9th June, 1950, as amended by Government Notice No. 1732 of the 1st August, 1952.

(2) The special levy imposed in terms of section 17 of the said scheme, which imposition was published in Government Notice No. 1658 dated 29th June, 1951.

And I do further make known that this withdrawal of the levy impositions specified herein shall become operative upon the date of publication hereof.

S. P. LE ROUX,
Minister of Agriculture.

NOTE.—The effect of this notice is to withdraw the ordinary levy and the special levy on lemons other than lemons exported in cases, during the out-of-season period.

✱ No. 2270.] [16 October 1953.

SOUTH AFRICAN CITRUS SCHEME.

WITHDRAWAL OF MAXIMUM PRICES OF LEMONS AND OF PROHIBITION OF SALE.

In terms of section *twenty-nine* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, I STEPHANUS PETRUS LE ROUR, Minister of Agriculture, hereby make known that the Citrus Board, referred to in section 2 of

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linker-bohoek met 'n ✱ gemerk.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

DEPARTEMENT VAN LANDBOU

✱ No. 2269.] [16 Oktober 1953.

SUID-AFRIKAANSE SITRUSSKEMA.

TERUGTREKKING VAN HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP SUURLEMOENE, UITGESONDERD SUURLEMOENE WAT IN KASSIES UITGEVOER WORD

Ingevolge artikel *nege-en-twintig* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, maak ek, STEPHANUS PETRUS LE ROUX, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Sitrusraad, genoem in artikel 2 van die Suid-Afrikaanse Sitrusskema wat by Proklamasie No. 44 van 1947 afgekondig is, met my goedkeuring die volgende heffings teruggetrek het vir sover hulle betrekking het op suurlemoene, uitgesonderd suurlemoene wat in kassies uit die Unie uitgevoer word:—

(1) Die heffing wat ingevolge artikel 16 van genoemde skema opgelê en by Goewermentskennisgewing No. 1304 van 9 Junie 1950, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1732 van 1 Augustus 1952, bekendgemaak is.

(2) Die spesiale heffing wat ingevolge artikel 17 van genoemde skema opgelê en by Goewermentskennisgewing No. 1658 van 29 Junie 1951 bekendgemaak is.

En voorts maak ek hierby bekend dat die terugtrekking van genoemde heffings op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

S. P. LE ROUX,
Minister van Landbou.

LET WEL.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is om die gewone heffing en die spesiale heffing op suurlemoene, uitgesonderd suurlemoene wat in kassies uitgevoer word, gedurende die buiteseisoense tydperk terug te trek.

✱ No. 2270.] [16 Oktober 1953.

SUID-AFRIKAANSE SITRUSSKEMA.

TERUGTREKKING VAN MAKSIMUM PRYSE VAN SUURLEMOENE, EN VAN VERBOD OP VERKOOP.

Ingevolge artikel *nege-en-twintig* van die Bemarkingswet 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, maak ek, STEPHANUS PETRUS LE ROUX, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Sitrusraad, genoem in artikel 2 van

the South African Citrus Scheme, published by Proclamation No. 44 of 1947, has with my approval, withdrawn the provisions, insofar as such provisions relate to lemons, of the following prohibitions:—

(1) The prohibitions imposed in terms of section 18 of the said scheme, which prohibitions were published in Government Notice No. 861 of the 24th April, 1953, as amended by Government Notice No. 1149 of the 29th May, 1953.

(2) The prohibitions in terms of section 19 of the said scheme, which prohibitions were published in Government Notice No. 1306 of the 9th June, 1950.

And I do further make known that this withdrawal of the prohibitions specified herein shall become operative upon the date of publication hereof.

S. P. LE ROUX,
Minister of Agriculture.

NOTE.—The effect of this notice is to withdraw:—

(*a*) The in-season maximum prices for lemons.

(*b*) The prohibition on any large producer from selling lemons except through the Citrus Board.

die Suid-Afrikaanse Sitrusskema wat by Proklamasie No. 44 van 1947 afgekondig is, met my goedkeuring die volgende verbodsbepalings teruggetrek het vir sover hulle betrekking het op suurlemoene:—

(1) Die verbodsbepalings ingevolge artikel 18 van genoemde skema wat by Goewermentskennisgewing No. 861 van 24 April 1953, soos gewysig, by Goewermentskennisgewing No. 1149 van 29 Mei 1953, bekendgemaak is.

(2) Die verbondsbepalings ingevolge artikel 19 van genoemde skema wat by Goewermentskennisgewing No. 1306 van 9 Junie 1950 bekendgemaak is.

En voorts maak ek hierby bekend dat die terugtrekking van genoemde verbodsbepalings op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

S. P. LE ROUX,
Minister van Landbou.

LET WEL.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is om die volgende terug te trek:—

(*a*) Die binneseisoene maksimum pryse van suurlemoene.

(*b*) Die bepaling wat grootprodusente verbied om suurlemoene op 'n ander wyse as deur bemiddeling van die sitrusraad te verkoop.

DEPARTMENT OF INTERIOR.

✱ No. 2276.] [15 October 1953.

COMMISSION TO ENQUIRE INTO THE SUBJECT MATTER OF SEPARATE REPRESENTATION OF VOTERS ACT VALIDATION AND AMENDMENT BILL.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to appoint a Commission, in pursuance of a resolution of a Joint Sitting of both Houses of Parliament, adopted on the 2nd October, 1953, to proceed with the enquiry of the Joint Select Committee appointed to enquire into and to report upon the subject matter of the *Separate Representation of Voters Act Validation and Amendment Bill*, 1953, which will consist of the following:—

Dr. the Hon. Theophilus Ebenhaezer Dönges, Q.C., M.P., Minister of the Interior (Chairman);
Hon. Francois Christiaan Erasmus, M.P., Minister of Defence;
Hon. Jozua Francois Tom Naudé, M.P., Minister of Posts and Telegraphs;
Senator the Hon. John Duthie;
Senator the Hon. David Jackson;
Senator the Hon. Maarten Petrus Albertus Malan;
Senator the Hon. Cornelius Gert Nel;
Pieter Willem Botha, Esquire, M.P.;
Dr. Josias Hendrik Otto du Plessis, M.P.;
Sir de Villiers Graaff, M.P.;
Thomas Gray Hughes, Esquire, M.P.;
Pieter Jacobus Hugo, Esquire, M.P.;
Hon. Harry Gordon Lawrence, Q.C., M.P.;
Frans Engelbertus Mentz, Esquire, M.P.;
Douglas Edgar Mitchell, Esquire, M.P.;
Michiel Daniel Christiaan de Wet Nel, Esquire, M.P.;
Simon Frederik Papenfus, Esquire, M.P.; and
William Hemming Stuart, Esquire, M.P.

Mr. David Andries Barnard has been appointed Secretary of the Commission and his address is care of the Office of the Chief Electoral Officer, Private Bag 82, Pretoria.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

✱ No. 2276.] [15 Oktober 1953.

KOMMISSIE OM ONDERSOEK IN TE STEL NA DIE ONDERWERP VAN DIE WETSONTWERP OP BEKRAGTIGING EN WYSIGING VAN DIE WET OP AFSONDERLIKE VERTEENWOORDIGING VAN KIESERS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om ingevolge 'n besluit van 'n Verenigde Vergadering van beide Huise van die Parlement, op 2 Oktober 1953 aangeneem, 'n Kommissie aan te stel om voort te gaan met die ondersoek van die Gesamentlike Gekose Komitee wat aangestel is om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die onderwerp van die *Wetsontwerp op Bekragtiging en Wysiging van die Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers*, 1953, wat uit die volgende sal bestaan:—

Sy Edele dr. Theophilus Ebenhaezer Dönges, Q.C., L.V., Minister van Binnelandse Sake (Voorsitter);
Sy Edele Francois Christiaan Erasmus, L.V., Minister van Verdediging;
Sy Edele Jozua Francois Tom Naudé, L.V., Minister van Pos-en-telegraafwese;
Senator die Edele John Duthie;
Senator die Edele David Jackson;
Senator die Edele Maarten Petrus Albertus Malan;
Senator die Edele Cornelius Gert Nel;
Die Heer Pieter Willem Botha, L.V.;
Dr. Josias Hendrik Otto du Plessis, L.V.;
Sir de Villiers Graaff, L.V.;
Die Heer Thomas Gray Hughes, L.V.;
Die Heer Pieter Jacobus Hugo, L.V.;
Sy Edele Harry Gordon Lawrence, Q.C., L.V.;
Die Heer Frans Engelbertus Mentz, L.V.;
Die Heer Douglas Edgar Mitchell, L.V.;
Die Heer Michiel Daniel Christiaan de Wet Nel, L.V.;
Die Heer Simon Frederik Papenfus, L.V.; en
Die Heer William Hemming Stuart, L.V.

Mnr. David Andries Barnard is as Sekretaris van die Kommissie aangestel en sy adres is per adres die Kantoor van die Hoofverkiesingsbeampte, Privaatsak 82, Pretoria.

The Government Printer, Pretoria. | Die Staatsdrukker, Pretoria.